

Riglyne vir verantwoordelike Skrifgebruik


Gert J. Steyn

Dept Nuwe Testament, Universiteit van Pretoria

ORIËTERING

Daar is ‘n besliste afstand in sowel tyd as ruimte tussen die wereld waarbinne die Bybelteks ontstaan het en ons eie wêreldkonteks. Hierdie afstand behoort gedurig in gedagte gehou te word wanneer ons Skrif hanteer. Dit beteken basies dat ons hier met twee verskillende kontekste te make het: enersyds die konteks waarbinne die teks ontstaan het, en andersyds die huidige konteks waarbinne hierdie selfde teks vandag geïnterpreteer word. Dit word duidelik wanneer ons die vrae vra: “Wat het gebeur?” (‘n historiese vraag), en “Wat moet ek doen?” (‘n etiese vraag). Lührmann (1989:17) verwys na hierdie vrae en meen dan “even these questions are not clear in themselves, as they will be put from a series of different contexts. Personal interest is shaped by the traditions from which one comes, in which one has learned to read biblical texts, and by the discussion of these traditions and the role in which the texts appear, depending on whether they are felt to be threatening or liberating”.

Nadat kortliks besin is oor faktore wat ‘n rol speel in *Skrifbeskouing*, word vervolgens aan die twee hoofaspeke van Skrifuitleg aandag gegee. Hiermee word die *sinkroniese* en *diakroniese* aspek van die *eksegetiese* proses belig. Ten slotte word die *hermeneutiese* faset bespreek – dit wil se, hoe die brug gebou word sodat die boodskap van destyds ‘n boodskap vir vandag word. Die doel van *eksegese* is uiteindelik om die boodskap vir die lesers/hoorders van destyds te bepaal. Die doel van *hermeneutiek* is om die brug te bou van destyds na vandag deur die boodskap destyds te interpreteer vir die lesers/hoorders vandag. ‘n Mens sou hierdie geïntegreerde proses by wyse van die analogie van ‘n weegskaal kon voorstel:



- Die *basis van die skaal* verteenwoordig die *teks*. Dis uiteindelik die enigste konkrete objek wat die hermeneut in die hand het. Dit was die konkrete geskrif wat die basis van kommunikasie was in die antieke konteks. Dis hierdie teks wat aanvaar word as normatief, as Woord van God. Dit vorm dan ook die basis in die gereformeerde teologie.
- Die *een weegbak* verteenwoordig die *antieke konteks*. Hiermee word erns gemaak eerstens met konteks *per se*, maar ook met die leefwêreld waarbinne God se Woord beslag gekry het.
- Die *ander weegbak* verteenwoordig die *huidige konteks*. Hiermee word weer eens nie net die huidige konteks ernstig opgeneem nie, maar spesifiek dan ook die leefwereld waarbinne God se Woord vandag weer vars en nuut gekommunikeer word.
- Daar is natuurlik net balans wanneer daar ewewig is tussen die twee weegbakke. Dit beteken dat die *balansarm*, wat aan die vertikale balk vas is, dit wil sê, direk gesteun word deur die (teks)basis, in ekwilibrium moet wees. Hierdie balansarm is God se ewige *boodskap*. Anders gestel in die analogie: God se boodskap mag nie skeefgetrek word na een van die twee kontekste nie. Sou dit afgetrek word deur die weegbak van die antieke konteks, word Skrifuitleg en Skrifinterpretasie niks anders as gewoon ‘n lesing oor die antieke nie. Word dit afgetrek deur die huidige konteks, word Skrifuitleg eintlik *Skrifinleg* en word die Woord misbruik om eie voorkeure, standpunte en persoonlike geloofsperspektiewe te ver-Woord. Dis wat byvoorbeeld met kapstokpreke gebeur.

1. SKRIFBESKOUIING

Die hele proses word natuurlik reeds benader deur die hermeneut en die leser/hoorder se eie aprioriee. Mens sou dit kon saambondel onder die noemer van *Skrifbeskouing* of *Skrifbenadering*. Ons kyk eerstens kortliks na faktore wat ‘n rol sou kon speel in Skrifbeskouing. Slegs drie word genoem, maar veel meer sou gelys kon word. Tweedens word dan riglyne voorgestel vir ‘n verantwoordelike Skrifbeskouing.

1.1 Faktore wat ‘n rol speel in Skrifbeskouing:

i. ‘n Historiese aspek

Dit gaan hier oor die historiese konteks van die hedendaagse leser. Elke persoon se persoonlike geskiedenis, kultuurgeskiedenis en kerklike tradisies speel hier ‘n rol. [a] In ‘n kultuur waarin daar geglo word dat waarhede “swart en wit” is, dat waarheid altyd duidelik in formules saamgevat en uitgedruk kan word, dat waarheid gesetel is en vasgestel word in die uitsprake van gesagsfigure van die bepaalde samelewing, en dat waarheid tydloos op dieselfde manier verstaan word, sal die Bybel met groot pieteit opgetel word en op histories-letterlike maniere gelees en verstaan word. Die Bybelse storie sal gelees word binne die verwysingsraamwerk van moderne geskiedenisverstaan (post-humanisties, post-*Aufklärung*): dat dit in die fynste detail “feitelik korrek” is, verifieerbaar is, en alles empiries bewysbaar behoort te wees. As normatiewe geloofsboek sal die Bybelse boodskap reglynig verstaan en toegepas word op hedendaagse kontekste en situasies. Dit sal verstaan word as ‘n

“handleiding” wat lyste antwoorde bevat op allerlei probleme en dat tekste dus letterlik toegepas kan word op hedendaagse situasies. Begrip vir ander maniere van omgang van die Skrif is hier oor die algemeen uiters beperk. ‘n Sterk onderliggende meganiese inspirasieleer is hier teenwoordig en groter klem op die Bybel as “God se woorde”. [b] In ‘n kultuur waar verstaan word dat daar voortdurend ‘n “soeke” na die waarheid is, dat dit nie altyd in formules en formulerings vasgevang kan word nie, dat dit meerkantig is, situasie- en tydsgebonde, dat daar ook grys areas is en dat gemeenskappe se gesagsfigure nie noodwendig vanwee hulle posisies ‘n beter verstaan of greep op die waarheid het nie, sal die Bybel waarskynlik opgetel en veel meer histories-krities gelees word. Begrip vir ‘n histories-letterlike omgang met die Bybel is uiters beperk. Die onderliggende inspirasieleer is hier tot ‘n groot mate dualisties van aard, waar ‘n ewewigtige gelyke plak aan die mens se rol toegeken word as “mensewoorde”.

ii. ‘n Persoonlikheidsaspek

Verskillende persoonlikheidstipes sal uiteraard die Bybel op verskillende maniere hanteer. Volgens die “**SN-aksis**” van die Myers-Briggs model sal “*Sensing*” persoonlikheidstipes fokus op dit wat feitelik, konkreet en teenswoordig georiënteerd is en stap-vir-stap informasie verlang met groot vertroue op ervaring. Hulle hou daarvan om inligting deur hulle sintuie te verkry en die waarneembare en verifieerbare is vir hulle sentraal. Hierdie persoonlikheidstipe sal waarskynlik makliker aanklank vind by ‘n histories-letterlike Skrifbenadering. “*Intuition*” persoonlikheidstipes fokus eerder op die “groot prentjie”, die abstrakte en teoretiese, en met ‘n sterk gerigtheid op die toekoms. Hulle soek na die verbande tussen feite en na patrone. Persone in hierdie groep sal hulle waarskynlik makliker tuisvind in benaderings wat die teks vergeestelik en met profesieë vir die toekoms werk. Volgens die “**TF-aksis**” van die Myers-Briggs model is die benadering van die “*Thinking*” persoonlikheidstipe analities, hulle is logiese probleemoplossers wat strew na onpersoonlike objektiewe waarhede en werk met ‘n “oorsaak-gevolg” paradigma. Hulle neem besluite op grond van die logiese konsekwensies van die keuse of handeling. Eksegete wat ‘n histories-kritiese analise van die Bybelteks voorstaan lê na alle waarskynlikheid in die algemeen nader aan hierdie persoonlikheidstipe. Die “*Feeling*” persoonlikheidstipe se benadering word weer gedryf deur persoonlike waardes, die impak wat besluite op *mense* het, terwyl hulle strew na harmonie en individuele aanvaarding. Hulle neem besluite op grond van die impak wat dit op mense en groepe in die samelewing sal hê. ‘n “Reader-response” benadering tot die teks, feministiese en “liberation theology” benadering sou na alle waarskynlikheid gemakliker by hierdie persoonlikheidstipes gevind kon word. Op die “**JP-aksis**” is die “*Judging*” persoonlikheidstipes sistematiese, metodologiese, georganiseerde, planmatige mense wat van “afsluiting/voltooiing” hou – dat dinge afgerond en tot ‘n besluit gekom moet word. Hulle wil die lewe beheer en reguleer en wil druk vir besluite om geneem te word. Ook hierdie geneigdheid sal makliker aansluiting vind by ‘n histories-letterlike Skrifbenadering – en dan veral die geformuleerde “geloofswaarhede” van die kerklike tradisies. “*Perceiving*” persoonlikheidstipes is “open-ended”, gemaklik, plooibaar en spontaan. Hulle verkies om eerder die wereld te ervaar en te verstaan as om dit te kontroleer. Hulle voel gewoonlik ingeperk deur vasgevang deur vaste besluite.

iii. 'n *Intensionele aspek*

Elke persoon se motief of intensie vir die optel en hantering van die Skrif bepaal ook hoedat die Skrif hanteer en verstaan word. Die *vraag* waarmee die leser die Bybel optel bepaal dus ook grotendeels die vertrekpunte en benadering. 'n Vraag oor die vasstelling van die *autographon* in die kompilasie van 'n eklektiese teks waarvolgens 'n kerklike Bybelvertaling uiteindelik gemaak word, bepaal dat die benadering uiteraard histories-krities sal wees, empiries van aard en met die Skrifteks as objek van wetenskaplike studie. Die rede kan steeds nog 'n diepgewortelde geloofsgrondslag wees met 'n normatief-soekende gerigtheid. 'n Vraag oor die geldigheid van 'n aborsie van 'n drie-weke oue embryo na 'n verkragting van 'n veertienjarige meisie, lei noodwendig tot 'n benadering waarin *riglyne* oor lewe en dood, oor geweld, oor familienetwerke en persoonlike besluitnemings na vore tree. Daar sou moeilik met die *wet* "jy mag nie doodslaan nie" sondermeer reglynig in hierdie saak omgegaan kon word.

1.2 **Riglyne vir 'n verantwoordelike Skrifbeskouing**

Ongeag die bepaalde hermeneutiese benadering tot die Skrif of die eksegetiese metode wat aangewend word, bly die primere vertrekpunt steeds die geloofsaanname dat hierdie "God se Woord in mensetaal" is, en daarom normatief is vir die lewens van gelowiges. Die groot vraag is dus nie die entiteitsvraag "*of*" hierdie God se Woord is nie, maar die praksisvraag oor "*hoe*" hierdie boodskap van God openbaar, ontdek of vasgestel word in bepaalde kontekste. Ek meen dat dit slegs binne 'n drie-hoekige verhouding kan plaasvind:

i. *Rol van die Heilige Gees*

Binne die organiese inspirasieteorie kan God se rol (dis immers *God* se boodskap!) hier nie uitgesluit word nie. Hetsy in wetenskaplike studie, persoonlike studie of pastorale hantering van die Skrif sal dit altyd biddend en in afhanklikheid van die ontsluiting deur God se Gees behoort te geskied.

ii. *Rol van medegelowiges*

Steeds binne die organiese inspirasieteorie behoort ook die rol van die menslike outeurs as medegelowiges destyds, maar ook geloofsgenote vandag saam te soek na God se boodskap vir hierdie omstandighede, hier en nou. Dit beteken saam soek, saam praat, saam bid. Dit beteken ook versigtige formuleringe en geduld met andersdenkendes. God het gekies om sy besondere openbaring *deur mense* in die verlede te laat geskied. 'n Openheid vir die diversiteit van perspektiewe op Christus deur die NT skrywers, vir die eeue-lange kerklike tradisies se pogings om in bepaalde tydperke hulle verstaan hiervan eietyds te verwoord, maar ook vir die diversiteit van blikpunte op 'n Almagtige en veelkantige God, beteken dat daar ook intens na mekaar geluister moet word omdat God se openbaring ook deur gelowiges en hulle verstaan van hulle verhouding met God gestalte kry.

iii. *Eie rol*

Gedring en gedryf deur die Gees van God soek elke gelowige na God se eiesoortige betrokkenheid in sy of haar eie lewe. In 'n reformatoriese kerktradisie wat die Skrif sentraal stel, word dit ook die bron waaruit gelowiges perspektief op hulle lewensituasies verkry. In die erns waarmee die Skrif opgetel word as normatiewe geloofsboek, word hierdie “objek” van ondersoek vir gelowiges tegelyk ook die “subjek” wat vir 'n gebroke werklikheid hoop skep en lei tot transformering.


2. KONTEKSTUELE EKSEGESE

Sedert die vroegste tye van geskrewe tekste was tekste geïnterpreteer – veral religieuse tekste. 'n Velerlei metodes en benaderings was oor die eeue ontwikkel hiervoor. So, onder andere, was daar voor die uitvinding van die boekdrukkuns (Gutenberg, 1450), benaderings soos allegorie, tipologie, midrash/pesher en grammaties-historiese metodes van Skrifinterpretasie. Nadat die Bybel gedruk begin word het, het veral drie groot benaderings – een na die ander – die groot hermeneutiese sleutels van Skrifbenadering geword:

- Klem op die agtergrond van die *verhouding outeur-teks* (ca. 1450 – 1950). Dit was die tydperk van die opkoms van die tekskritiek en die historiese kritiek. Tekste is hoofsaaklik diakronies ondersoek.
- Klem op die teks en sy *literêre konteks* (ca. 1950 – 1980). Dit was die opkoms van die bydraes van die linguistiek, letterkunde en intertekstualiteit tot die analise van tekste – wat toe hoofsaaklik sinkronies ondersoek is.
- Klem op die *leser en sy/haar konteks* (ca. 1980+). Dit was die opkoms van bevrydingsteologie, feministiese lees van tekste en die “reader-response criticism”.

Hierdie benaderings is siklies van aard. Eers was tekste vergeestelik deur allegorie, of reglynig tipologies of letterlik geïnterpreteer in die vroeë kerkgeskiedenis. Daar was dus groot klem op die *leser* se eie verstaan en kreatiwiteit. Daarna was tekste grammaties-histories ondersoek. Nou was daar klem enersyds op die sinkroniese vlak waar die sintaksis en grammatika uiters belangrik was, maar andersyds ook op die diakroniese vlak waar die geskiedenis van woorde bestudeer is vir 'n beter verstaan van die teks. (Dink maar aan die latere *magnum opus* van Gerhard Kittel se “Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament” (TWNT) wat sterk etimologies te werk gaan). Hierna verskuif die fokus feitlik geheel en al na 'n *historiese gerigtheid*. Dit hang onder andere saam met breëre denkstrome soos die opkoms van die neo-klassisisme. Tydens hierdie tydperk word tekste hoofsaaklik diakronies ondersoek. Die verhouding outeur-tekste staan in die fokuspunt. Met die invloed van die literatuurteorie en die Franse en Russiese strukturalisme, het *die teks* self weer op 'n sinkroniese wyse in die fokus geskuif. Tans is daar weer 'n terugbeweeg na 'n *historiese gerigtheid* in teksanalise, maar nou nie meer die geskiedenis van die teks nie, maar die gesiedenis van die gemeenskappe waarbinne die tekste hulle beslag gekry het. Dis veral die sosiale wetenskappe wat teksuitleg hier beïnvloed het en Skrifuitleg vind hier plaas binne sosio-historiese studies. Die hele toneel kan opgesom word in drie fases:

- 'n fase *agter* die teks (diakronies) – klem op die historiese konteks
- 'n fase wat *die teks self* belig (sinkronies) – klem op die literêre konteks
- 'n fase *voor* die teks (hermeneuties) – klem op die hedendaagse leser se konteks



Dis dus moontlik om die Skrif vandag te benader vanuit verskillende invalshoeke:

- (a) Eerstens as historiese dokumente wat bestudeer kan word ten einde hulle geskiedenis so ver as moontlik te probeer vasstel, nie net wie hulle skrywers was en wat hulle agtergrond is (konteks) is nie, maar ook die geskiedenis van die teks self te probeer vasstel deur ondersoek wat die teksvariante bestudeer, die teks-oorsprong en die teks-ontwikkeling.
- (b) Tweedens is dit moontlik om hierdie dokumente te benader soos enige ander sekulere teks, met die fokus op die teks as 'n vorm van literatuur waar die tekssoort (*genre*), teksstruktuur, sintaktiese-, semantiese- en semiotiese taalvlakke ondersoek word ten einde op 'n linguistiese en literere basis die verhoudings tussen taaleenhede te omskryf.
- (c) Derdens kan die teks eenvoudig benader word vanuit die lesersperspektief en om leser-responsief (*reader-responsive*) te vra: Hoe verstaan ek die teks as leser vanuit my eie konteks en wat is die relevansie van hierdie teks vir my eie konteks? Dis veral in hierdie fase waar die sogenaamde "nuwe hermeneutiek" na vore getree het.

Uit die bogenoemde word dit duidelik dat enige poging om die klem *eensydig* op enige van hierdie invalshoeke te plaas, tot 'n onderspeling van sekere aspekte en 'n oorspeling van ander aspekte aanleiding sal gee. Skrifgebruik wat die klem dus eensydig op historiese analyses gaan plaas sal noodwendig lei tot 'n verstaan van hoedat die teks tot stand gekom het en hoe dit in die leefwereld van die antieke konteks inpas. Skrifgebruik wat die klem eensydig op die literêre en linguistiese analyses plaas sal weer noodwendig lei tot 'n taal en literatuurstudie wat sonder 'n historiese gesitueerdheid en sonder in agneming van 'n lang tradisie van Skrifuitleg, tot 'n oppervlakkige Bybelse teologie aanleiding mag gee. Maar as daar nie verantwoordelik van die hermeneutiese funksie – wat die teks vir gelowiges as normatiewe teks interpreteer – kennis geneem word nie, gaan die teks uiteindelik irrelevant wees vir moderne gelowiges se lewens. Sou daar egter nou weer net aan die leser se rol aandag gegee word en die se huidige omstandighede, dan lei dit noodwendig tot *eis-egese* omdat die antieke konteks onderspeel word. Die twee eksegetiese fases – diakronies en sinkronies – is dus eintlik onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Maar ook die hermeneutiese fase behoort in verantwoordelike Skrifhantering met groot versigtigheid naas die eksegetiese proses gebring te word – "...to read a text is also to put it in relation to what it relates" (Bovon 1978:3).

Vervolgens gaan daar nou baie kortliks na hierdie drie invalshoeke gekyk word as drie fasette van dieselfde diamant. Die drie kan nie sonder mekaar funksioneer nie en verantwoordelike Skrifgebruik behoort dus al drie kontekste ernstig te neem.

2.1 Literêre konteks (Sinkronies)

Hierdie fase handel dus met die teks in sy literêre konteks en staan ook bekend as die teks-immanente of sinkroniese fase van die eksegetiese proses. Sedert die middel van die vorige eeu het groot belangstelling begin ontwikkel in die in die breër literêre en linguistiese konteks van die teks self – veral as uitvloeisel van die werk van De Saussure en die Franse strukturalisme wat die belang van die basiese taalstruktuur ontdek het. Die fokus van ondersoek in hierdie rigting het verskuif vanaf 'n fragmentariese teksbenadering na 'n meer

holisties-funksionele benadering. Die Amerikaanse pragmatistiese ingesteldheid het hierdie benadering verder gevoed. Bydraes van taalkundiges soos Noam Chomsky, Leonard Bloomfield en Leech, enersyds, asook Teun Van Dijk, Eugene Nida en Jannie Louw, andersyds, het die tafel gedek vir hierdie benadering. Die eerste groep se vertrekpunt was die tekslinguistiek en die literatuurteorie (tekspragmatiek, taalhandelinge of “speech acts”, ens.), terwyl die tweede groep, steeds gebaseer op die tekslinguistiek, gewortel was in die filosofie dat taal gestruktureerd is en dat “betekenis” gevind word in die verbande tussen taaleenhede. Die sintaktiese, semantiese en semiotiese taalvlakke help dus om die betekenis van die teks te ontsluit. Dan O. Via sê van hiervan dat “...the literary critic looks at the text for what it says in itself by means of patterning or shaping - the informing - of its context” (Petersen 1978:5).

Verskillende eksegetiese metodes kan nou hier aangewend word. Vir ‘n narratiewe literatuursoort kan ‘n narratiewe ontleding (waar karakters, gebeure, tyd, plek en die plot ontleed word) met groot vrug lei tot verntwoordelike Skrifuitleg. Vir diskoerstekste soos die briefliteratuur, kan struktuur- en diskoersanalises, of retoriese analises, van groot waarde wees. Hier kan sleutelbegrippe (“Stichwörter”) ontdek word wat weer tematies-kontekstueel bestudeer word vir ‘n verstaan van die boek se teologie.

2.2 Historiese konteks (Diakronies)

Wanneer die diamant nou gedraai word na die volgende faset van verantwoordelike Skrifgebruik, val die fokus nou op aspekte wat reeds tydens die vorige fase na vore getree het. Nou behoort teologiese begrippe, persone, plekke, ensameer binne historiese konteks nagelees te word. Hier word dus nou gekyk “agter die teks”. Twee strata in die geskiedenis speel hier in:

- (a) Die geskiedenis van die *teks* (hoofsaaklik by wyse van histories-kritiese analises). Die histories-kritiese benadering bestaan uit vier groot fases:
 - *Tekskritiek* – wat die manuskripte van die Skrif bestudeer
 - *Vormkritiek* – wat die mondelinge oorlewerings, soos *Jesus-logia*, gelykenisse en wonders bestudeer
 - *Bronnekritiek* – wat die skriftelike oorlewerings bestudeer
 - *Redaksiekritiek* – wat die kompilasie-geskiedenis van die teks bestudeer (soos Lukas se gebruik van Markus, Q en sy Joodse kanonieke geskrifte). Hier kan veel geleer word oor die samestelling van die boek, die NT skrywer se Skrifhantering, teologie, ens.
- (b) Die geskiedenis van die *gemeenskap*(pe) wat in die teks aan die orde kom (hoofsaaklik by wyse van sosio-historiese analises). Hierdie is nog ‘n relatiewe nuwe benadering en word veral gevolg deur Amerikaanse geleerdes soos Bruce Malina, Richard Rohrbaugh, Jeremy Neyrey, en andere.

Virkler (1981:88-89), byvoorbeeld, het verskeie stappe uitgewys wat betrek sou kon in deeglike histories-kulturele en kontekstuele eksegeese. Indien die antieke (oorspronklike) konteks ernstig geneem moet word, behoort aandag aan al die aspekte wat hy lys gegee te word – ten einde reg te laat geskied aan die konteks, of lewensmilieu, waarbinne God se Woord tot geskrewe teks geword het. Daar kan dus met Henry (1974:215) op hierdie spesifieke punt saamgestem word, naamlik: “we must champion the indispensable importance of historical and philological exegesis in identifying the content of the scripturally-given revelation, and must acknowledge that authorial cognitive intention is ultimately definitive for textual meaning”.

Om op te som: Richard Bauckham (1989:13-14) is dus korrek wanneer hy die konteks van die Skrif so sien dat dit bestaan uit ‘n aantal aspekte: die linguistiese konteks, onmiddellike literêre konteks van die literêre eenheid, die wyer literêre konteks van die literêre genre – wat ons alles kan ssambondel onder ‘n sinkroniese analise van die teks. Maar dit sluit vir hom ook die kulturele konteks van die soort gemeenskap ter sprake en die historiese konteks in die lewe van die skrywer in – wat ons alles sou kon saambondel onder ‘n diakroniese analise van die Skrifteks. Tog hou verantwoordelike omgang met die Skrif vir belydende Christengelowiges nie hierby op nie. Daarom sluit Bauckham ook die breë historiese konteks van die huidige gebeure hierby in.

3. KONTEKSTUELE HERMENEUTIEK

Verantwoordelike Skrifgebruik binne die praksis van die Christelike lewe kan en mag eenvoudig nie net by die eksegetiese fases vasval nie. Dit moet ook die hermeneutiese brug bou tussen die destydse konteks en die huidige konteks. Wanneer hierdie aspek van die diamant belig word skuif die klem weg vanaf die skrywer en die teks na die huidige leser. Nou behoort die bepaalde huidige konteks verreken te word. Die eietydse leefwereld word nou onder die loep geneem. Die saak moet voortdurend vanuit beide hoeke bekyk word – sowel uit die hoek van die antieke konteks as uit die hoek van die moderne konteks. ‘n Groot gevaar bestaan dat ons te vinnig en te eensydig ons huidige konteks kan terugdra in die kontek van die antieke teks – asof Paulus of Lukus hulle geskifte dan direk met ons konteks in gedagte sou skrywe. As dit gebeur word daar anakronisties met die teks gewerk. Bauckham praat in hierdie verband van “manipulating the text to support our preconceived attitudes and projects” (1989:18). Gebeur dit, dan gee ons ons oor aan intuïsie, waarop Padilla ons bedag maak. Hy wys daarop dat ‘n intuïtiewe a-historiese benadering veronderstel dat daar ‘n direkte kongruensie bestaan tussen die situasie van die Bybelteks en die situasie van die huidige leser (McKim 1985/6:86-7). Verantwoordelike Skrifgebruik beteken dat die inhoud van die Skrif binne die destydse konteks analiseer behoort te word met die doelwit van die eksegetiese proses: ten einde God se boodskap vir die mense van destyds binne hulle eietydse konteks vas te stel. Dit kan slegs geskied by wyse van eerlike, moeisame en deeglike eksegesis in die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Assmann en Mosala het in die Suid-Afrikaanse konteks ook op die belang van kontekstuele hermeneutiek gewys en meen “there is a need to reject a ‘fundamentalism of the Left’ composed of short-circuits: attempts to transplant biblical paradigms and situations into our world without understanding their historical circumstances” (aangehaal in West 1991:108). Daar behoort dus eers rustig en deeglik besin en gewerk te word met die historiese en literêre kontekste ten einde alle moontlike beskikbare inligting te bekom sodat reg aan Gods woord in sy antieke konteks kan geskied. Hermeneutiek *per se*, kan nooit deeglike eksegesis vervang nie. Maar deeglike eksegesis is slegs die beginpunt en nie die eindpunt nie van verantwoordelike Skrifgebruik. Die bevrydingsteoloog, Croatto (1987:9), sê van die histories-kritiese metode van Skrifuitleg: “For a theology of oppressed peoples, especially, this approach offers only a partial solution. Its importance is undeniable. One must pass this way. But one must not rest here”. Of in die woorde van die feministiese teoloog, Elizabeth Schlüssler-Fiorenza (1989:11): “...a focus on the ideological scripts of a Biblical text and its interpretations does not replace historical text-oriented readings but presupposes them. As literary and historical critical exegesis attends to the text in its historical contexts, so

rhetorical criticism seeks to make conscious how the text 'works' in its complex historical as well as contemporary cultural, social, religious or theological contexts".

Soos reeds uitgewys hierbo, bestaan die gevaar dus enersyds dat daar slegs aandag aan die konteks van die Skrif gegee kan word, sonder om God se boodskap ook eietyds te interpreteer as 'n normatiewe teks wat relevant behoort te wees vir die huidige gemeenskap. Vanuit die belydenis dat hierdie Boek(e) ons besondere bron van kennis aangaande God is, beteken dit dat ons ook glo dat hierdie Boek(e) God se boodskap en God se wil nog vir vandag se mense kommunikeer. Maar dis "gekodeer", sou ons kon sê, in antieke tale, idiome, wêreldbeelde in 'n sosiale gemeenskapskleed wat vandag vreemd is. Daarom behoort die Skrif uitgele (eksegese) en geïnterpreteer (hermeneutiek) te word met die oog op hedendaagse aangeleenthede. Vanuit die belydenis dat die Bybel dan God se Woord is, behoort ons onself te vra wat God aan ons in ons situasie wil kommunikeer, in ons konteks en omstandighede, by wyse van hierdie antieke dokumente. In hierdie trant skryf Wilder (1962:45): "The new hermeneutic insists that the interpreter is no longer on the balcony but on the stage. If he looks at the world, the world also looks at him". "The authority of the gospel may then be recognized not in supernatural events of the past (Heilstaten) but in the original Word in its liberating power" (Wilder 1962:47).

Andersyds bestaan die gevaar natuurlik weer dat die Skrif eenvoudig ge(mis)bruik word om gesag te verleen aan reeds vooropgestelde idees, sienings, besluite en voorkeure ten opsigte van teologiese en etiese aangeleenthede met betrekking tot die huidige konteks. Die eensydige analise van die huidige konteks, dikwels met 'n angstige soektog in die Bybel na ondersteuning van 'n bepaalde siening deur 'n seleksie van verskeie frases wat a-histories, anakronisties en sonder inagneming van die literêre konteks reglynig op vandag se situasie toegepas word, strook ook nie met verantwoordelike Skrifgebruik nie en doen geensins reg aan 'n organiese Skrifinspirasieleer nie.

4. SLOTSOM

Verantwoordelike Skrifgebruik beteken dus om voortdurend met die een teks tussen twee kontekste te pendel. Gegrand in die geloofsaanname dat hierdie selfde antieke teks nog steeds iets te sê het vir vandag se situasies, behoort sowel die antieke as die huidige konteks ernstig geneem te word. Dit bly 'n wisselwerking, 'n nimmer-eindigende siklus, 'n interaksie waarin antieke konteks en moderne konteks soos planete in wentelbane om dieselfde teks draai. In hierdie relasies tussen teks en konteks kom die "hermeneutiese sirkel" na vore – "which involves a constant dialogue among the elements: the interpreter's historical situation, the interpreter's world-and-life view, Scripture itself, and theology". En hoe beter 'n mens se verstaan van die historiese konteks, hoe beter sal die vraag aan die Skrif gestel word en hoe beter sal die boodskap vir hierdie bepaalde situasie bekend word (McKim 1985-86:89). Volgens Schmidt (1987:14) is hierdie hermeneutiese sirkel aan die einde niks anders as een aspek van 'n ander implisiete hermeneutiese sirkel nie: "...the course of history to Scripture and back from Scripture to history". 'n Mens sou Kossen (1988:17) se term "*reculturization*" in hierdie verband ernstig kon oorweeg as 'n toepaslike term wat die proses van verantwoordelike Skrifgebruik paslik beskryf: "Because Scripture is culture directed, all that God said then to ancient culture, He says now, in application to us. However, because of the specific nature of Scripture it is important to remember that not all Scripture is applicable to the contemporary recipient in the same way that it was applicable to the ancient recipient."

Die hermeneutiseringsproses is egter kompleks en dikwels neem Skrifuitleggers slegs enkele aspekte van die kulturele situasie in ag (Engelbrecht 1989:382). Die grootste gevaar wanneer daar dan met hierdie een teks en sy twee kronologies geskeide kontekste gewerk word, lê dus waarskynlik in 'n eensydige oorbeklemtoning van òf die antieke konteks, òf die literere konteks, òf die huidige konteks. Verantwoordelike Skrifgebruik maak erns met al drie kontekste. Dis egter geen maklike taak nie omdat ons huidige konteks ook divers en kompleks is.

LITERATUURLYS – nog totaal onvolledig!

Barbour, R S 1972. *Traditio-Historical Criticism in the Gospels*. London: SPCK.

Barton, J (ed) 2000. *The Cambridge Companion to Biblical Interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bauckham, R 1989.

Beardslee, A W 1970. *Literary Criticism of the NT*. Philadelphia: Fortress Press.

Berger, K 1977. *Exegese des Neuen Testaments* (UTB 658). Heidelberg: Quelle & Meyer.

Briggs, R C 1979. *Interpreting the New Testament Today*. Nashville: Abingdon.

Bovon, F 1978.

Brown, C 1976. *History of Criticism and Faith*.

Burrows, M S & Rorem, P (eds) 1991. *Biblical Hermeneutics in Historical Perspective*. Grand Rapids: Eerdmans.

Conzelmann, H 1974. *Theologie als Schriftauslegung*. München: Kaiser Verlag.

Croatto, J S 1984. *Biblical Hermeneutics*.

Croatto, J S 1987.

Deist, F E & Vorster, W S 1986. *Words from Afar*.

Egger, W 1987. *Methodenlehre zum Neuen Testament. Einführung in linguistische und historisch-kritische Methoden*. Freiburg: Herder.

Fee, G D & Stuart, D 1993. *How to read the Bible for all its worth*. Grand Rapids: Zondervan.

Fryer, N L 1987. *The historical Critical Method - Yes or No?*

Goggins, R J & Holden, J K (eds) 1990. *A Dictionary of Biblical Interpretations*. London: SCM.

Hahn, F 1983. *Historical Investigation and New Testament Faith. Two Essays*. Philadelphia: Fortress Press.

- Hayes, J H et.al [1982] 1988. *Biblical Exegesis: A Beginners Handbook*.
- Henry 1974.
- Krentz, E 1975. *Historical Critical Method*. London: SPCK.
- Ladd, G E 1967. *The New Testament and Criticism*. Grand Rapids:
- Lührmann, D [1984] 1989. *An Itinerary for New Testament Study*. London: SCM Press.
- McKim 1985.
- McKnight, E V 1969. *What is Form Criticism?*
- Palmer, R E 1988. *Hermeneutics*. Evanston: Northwestern University Press.
- Perrin, N 1970. *What is Redaction Criticism?* London: SPCK.
- Petersen, N 1978. *Literary Criticism for New Testament Critics*. Philadelphia: Fortress Press.
- Redlich, B E 1986. *Form Criticism. It's Value and Limitations*. London: SCM
- Ryken, L 1984. *The New Testament in Literary Criticism*. New York: Frederick Ungar Publishing.
- Sanders, E P & David, M 1989. *Studying the Synoptic Gospels*. London: SCM.
- Schmidt 1987.
- Seebaß, H 1974. *Biblische Hermeneutik*. Stuttgart: Kolhammer.
- Smit, D 2006. *Neem, lees!. Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi.BM
- Soulen, R N [1976] 1978. *Handbook of Biblical Criticism*. Atlanta: John Knox
- Steyn, G J 2001. Interpreting the Scriptures in Africa - Then and Now. *Ekklesiastikos Pharos* 83, 350-363.
- Steyn, G J 1997. Enkele opmerkings oor Christologiese Skrifinterpretasie as hermeneutiese sleutel van die Nuwe Testamentiese skrywers. *Skrif en Kerk* 18 (1), 146-153.
- Stuhlmacher, P 1975. *Schriftauslegung auf dem Wege zur biblischen Theologie*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Suggitt, J 1995. Exegesis, in: *CPSANet*, New Testament I, 8 Sep 1995.
- Tuckett, C 1987. *Reading the New Testament. Methods of Interpretation*. Philadelphia: Fortress Press.
- Virkler, 1981.

West, G O 1991. *Biblical Hermeneutics of Liberation*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Wilder 1962.

Wright, N T 2005. *Scripture and the Authority of God*. London: SPCK.

Yarchin, W 2004. *History of Biblical Interpretation. A Reader*. Massachusetts: Hendrickson Publishers.

Zimmermann, H 1970. *Neutestamentliche Methodenlehre*. Stuttgart: Verlag Kath. Bibelwerk.